

OPENING ADDRESS / OPENINGSREDE

Mnr D M GREWAR, L U K, Oranje Vrystaat

Mnr die Voorsitter, Eregaste, Dames en Here, graag bedank ek u vir die eer wat u my aandoen om die geleentheid gegun te word om so 'n uitgelese Jaarvergadering soos dié van die Misstofvereniging van Suid-Afrika te open. Ook my hartlike dank vir die baie vriendelike ontvangs wat u vir my gegee het.

U vergader vandag in die Hoofstad van die Vrystaat en ons voel geëerd dat u hier vergader. Die Vrystaat is by uitstek 'n landbou-provinsie en laat my toe om u kortliks 'n beeld te skets van die Vrystaat.

Volgens die 1970 sensus bestaan die Vrystaatse bevolking uit 300 000 Blankes, 1 320 000 Bantoes, 36 200 Kleurlinge en 5 Asiate. Daar is 70 000 kinders op skool in 243 skole.

Die Vrystaat se goudmyne produseer 25 persent van die vrye wêreld se goud.

Maar die Vrystaat produseer tans byna die helfte van die voedsel van die land. Die afgelope seisoen was dit 75 persent van die koring van die land, 45 persent van die mielies.

Ons het 673 000 melkkoeie wat 25 miljoen liter melk per jaar lewer, 900 000 vleisbeeste en 12 miljoen skape.

Daar moet in die Vrystaat 'n infrastruktuur geskep word om sy relatief klein boerebevolking in staat te stel om sy paaienewerk van 4 800 km primêre paaie, 22 838 km sekondêre paaie en 21 000 km tersiêre paaie te benut vir die vervoer van hulle produkte na koöperasies, die vervoer van varsmelk, en die vervoer van hulle kinders na die skole. Dit is 'n enorme taak, maar ons in die provinsie is trots op wat reeds presteer is. Die Vrystaat was geldelik gesproke vir baie jare die aspoestertjie, maar gelukkig het sake die afgelope vier jaar verbeter met die nuwe formule subsidiebasis.

Ekonomiese toestande in die Republiek het dit toe egter genoodsaak dat besteding op verskeie terreine ingekort moes word. Dit het die provinsiale administrasie, as tweedevlak regering ook geraak. Die Vrystaat het nogtans baie planne — daar is baie eerstes waarop ons trots is.

Mnr die Voorsitter, ek wil nie net oor die Vrystaat praat nie, maar dit sluit mooi aan by die tema van u Jaarvergadering, nl boerdery-ekonomie en die behoorlike benutting van kunsmis in dié verband, en ook een van u Vereniging se doelstellings. Ek is diep bekommerd oor sekere tendense wat in die afgelope tye in die boerderysektor na vore kom. U nywerheid is so 'n integrale deel van ons boerdery dat dit vir my voel of u, tesame met andere, as medevennote in ons boerdery-ondernemings beskou kan word.

Mr Chairman, I am very much perturbed about tendencies we see these days in farming. Since the oil price was raised by the Arabs, we in farming have been running into serious problems. We encountered a cost escalation with which we cannot keep pace. In farming and in industry costs have to be watched carefully. Lately, the necessity to curb costs has led to the tendency among farmers to cut corners where it is easiest to do so. The oil price has been increased, but there is very little that a farmer can do to reduce fuel consumption; oil products are essential for production operations in farming. There is also labour, an input on which it is not presently possible to cut back. The same applies to several other input commodities. As far as fertilizer is concerned, however, it is the one major cost commodity which can be cut back without disrupting operations. That is as can be, but should not be, because of the possible effect on crop yields.

I have made a study of tendencies in fertilizer application and I believe that the 15 per cent of the farmers who produce 85 per cent of the country's food can cut back on fertilizer use. Many of them have probably already gone too far, in that too much fertilizer is probably being applied with respect to the potential of the soil. In some cases, as with me this year, a depressing effect on yield may be obtained with too much fertilizer. On the other hand, there is much to be said about soils which are under-fertilized with respect to their potentials. I feel that there is scope for more research in this regard; the farming community requires the information and assistance.

Meneer die Voorsitter, Unesco het in 1969 voorspel dat daar teen 1980 nie genoeg voedsel in die wêreld sal wees nie en dat die algemene lewenspeil van die wêreldbevolking in 1980 sal terugsak na dié van 1834, die jaar van die Groot Trek. Dan het hulle waarskynlik nog nie eers rekening gehou met die Arabiere, wat nou baie dinge uit rat gegooi het. Ons het dus 'n groot wêreld om te voed. In hierdie verband het ons tegnologieë reeds ver gevorder en is daar min wat die boere nie vandag weet nie, behalwe op die gebied van die korrekte benutting van kunsmis. Daar vind nog baie wanpraktyke plaas. 'n Groot aantal boere staan nog onverskillig teenoor hierdie saak, terwyl dié wat hulle bes probeer ook nie altyd weet om die regte ding te doen nie. Die gevolg is die oor- en onderbenutting van kunsmis.

Uit die Republiek se bevolkingsoogpunt beskou, sal daar na verwagting gedurende die volgende 23 jaar, dws tot die jaar 2000, 23 stede soos Johannesburg gebou moet word om die bevolkingsaanwas te huisves. Hierdie mense sal gevoed moet word en daarom sal die landbou meer moet produseer en meer doeltreffend moet produseer. Dit is 'n saak wat in 'n

ernstige lig beskou moet word, want die grond waarop ons in die toekoms meer moet produseer word elke jaar minder. Hierdie vermindering geskied teen 'n tempo van ongeveer drie persent per jaar en is die gevolg van dorpsuitbreiding, nywerheidsvestiging, die bou van paaie, lughawens ens. Ek glo dat dit wel moontlik is — en dit moet net — om meer voedsel op minder grond te produseer, en dit word deels moontlik gemaak deur die werk wat u Vereniging doen.

Volgens die Misstofvereniging se jaarverslag is daar met proewe gevind dat kunsmisbenutting ten opsigte van koring ongeveer 50 persent is wat dit kan wees. Daar kan dus ongeveer tweekeer soveel op koring gebruik word as wat tans die geval is (somerreëgebiede), maar eers sal daar 'n deeglike studie gemaak moet word van ons gronde om vas te stel op welke gronde meer van die duur kunsmis geregverdig sal wees — want kunsmis is vandag duur en daarom is boere geneigd om op die gebruik daarvan in te kort. Die resultate van sulke studies moet aan die boer deurgegee word terwille van die noodsaaklike produksieverhoging en die handhawing van stabiliteit in die landbou. Dit is een van die groot leemtes wat ek as boer vandag ondervind dag slegs sowat 20 tot 25 persent (volgens die Departement Landbou-tegniese Dienste) van die navorsingsresultate wat met groot moeite en koste versamel is, by die boer, wat dit moet aanwend, tereg kom. Dit verbaas my om mede-boere te hoor vra "Man, watsse kunsmis gebruik jy vanjaar?", sonder inagneming van die behoeftes van hulle spesifieke gronde. Dit geld sekerlik nie vir daardie 15 persent boere wat 85 persent van die land se voedsel lewer nie, want hulle boer wetenskaplik en die boerdery word uit 'n besigheidsoogpunt benader. Daar is helaas nog baie boere wat nie so ingestel is nie, en dit ten spyte van die pogings van instansies soos u Vereniging wat navorsing op boere se plase doen.

Onlangs lees ek van 'n Amerikaanse maatskappy in die Red River Valley wat grondmonsters neem en 'n volledige grondontledingstelsel aan die boer verkoop, (nie kunsmis nie).

Hierdie diens is tot die beskikking van die Amerikaanse boer teen 'n minimale koste, en dit stel hom in staat om sy behoeftes ten opsigte van plantvoedingstowwe baie vinnig te kan bepaal. Ek dink dit is 'n goeie ding. In u Jaarverslag sien ek die kunsmismaatskappye gaan ons boere ook nou

aanslaan vir die ontleding van grondmonsters, en in beginsel steun ek dit, want baie min van wat mens verniet kry word waardeer en behoorlik benut. Ons beweeg nou in die regte rigting wat grondontledingsdienste betref.

Ons Suid-Afrikaanse boere is natuurlik individualiste en nogal hardkoppig ook, maar die geweldige koste-spiraal van die afgelope vier jaar genoodsaak ons om deur 'n ander bril na ons boerdery te kyk. Ek is daarvan oortuig dat daar op die huidige baie min boere is wat grond op krediet gekoop het en in staat is om dit te betaal. 'n Legio faktore is hiervoor verantwoordelik en nie net die wisselvalligheid van die natuurelemente nie. As hy goeie oeste kry, kom die Ontvanger van Inkomste hom by, en as hy eenkeer 'n misoes gehad het in hierdie tye van geweldige kostestygings, is hy uitgeboer. Die gemiddelde investering in boerdery in Suid-Afrika is vandag R240 000. Hierdie las moet gesien word teen die agtergrond van 'n 60 persent kostestyging vir die boer die afgelope jaar, terwyl sy reële inkomste in die ooreenstemmende periode met slegs 43 persent gestyg het; die boer is dus altyd aan die kortste kant. Daar moet êrens 'n deurbraak kom.

In u verwelkoming, meneer die Voorsitter, het u verwys na die paneel van deskundiges wat vandag oor die ekonomie van kunsmis in die boerderybedryf gaan praat, en ek vertrou dat u op hierdie wyse vir ons die nodige riglyne sal neerlê, en dat u vir ons die pad sal aandui wat ons moet volg, 'n pad wat ons boere gewilliglik sal wil volg omdat ons voortbestaan op die spel is. Ek wil u en die Misstofvereniging dan alle sukses toewens met u beraadslagings vandag en Gods rykste seën daarop toebid; ons het dit baie nodig.

Ten slotte wil ek vir u sê dat u u nie moet steur aan daardie stemme uit die boerderysektor wat u bedryf wil nasionaliseer, en wat sê dat u die boere uitbuit nie. Ons hier in die Vrystaat is mense wat glo in vrye onderneming. Ons gun elke man sy profyt, mits ons as boere ook op die ou end in 'n profyt kan deel.

Ons wens u alle sukses en voorspoed toe op die baie goeie werk wat u doen. Baie dankie vir wat reeds gedoen is en baie dankie vir dit wat nog voorlê. Ek wens u ook 'n suksesvolle Jaarvergadering toe en verklaar hiermee dan u verrigtinge amptelik oop.